

REDAKSIONEEL

VDM/FDM

Tydens 'n onlangse begrafnisdiens verklaar 'n (Gereformeerde) predikant: 'dit is vandag my taak om troos te fasiliteer'. Dit is 'n eienaardige uitdrukking, wat onmiddellik vrae wek. Wat beteken dit om troos te fasiliteer? Hoe doen 'n mens dit? Hoe verskil dit van verkondiging van troos – soos wat ons dit al die jare gewoon is? En grondliggend aan al dié vrae: is dit rég om troos te wil fasiliteer?

Merkwaardige woord

Die begrip 'fasiliteer' het die laaste jare taamlik gevestig geraak in ons daaglikse woordgebruik. Veral in besigheidsgesprekke, toerustingseleenthede, bosberade, dinkskrums, spanbou-aksies, konferensies en kursusse word van 'n fasiliteerder gebruik gemaak. Van so 'n persoon word verwag om te sorg dat die program vlot, die gesprek in 'n rigting gestuur word, teenoorgestelde partye mekaar vind. Verkieslik moet dit met die minste dwang gedoen word. 'n Goeie fasiliteerder – so word gesê – behoort die verskillende (en dikwels uiteenlopende) menings van die kursusgangers alleen maar te klankbord en in 'n netjies saamgevatte vorm vir die gehoor terug te gee. Dit is die kursusgangers se saak wat hulle met die samevatting van die fasiliteerder maak. Van 'n fasiliteerder word beslis nie verwag om standpunt in te neem of kant te kies nie. Die oomblik as dit wel gebeur, is die grens

van fasiliteer oorskry.

In die Handboek vir die Afrikaanse Taal kom die woord fasiliteer nie voor nie. Fasiliteit wel. 'n Fasiliteit is 'n 'maklikheid, tegemoetkoming'. Handelsbanke staan fasiliteite aan kliënte toe, wat in praktyk beteken dat kliënte geld by die bank kan leen om hulle verpligtinge mee na te kom. Die werkwoord 'fasiliteer' sou dan neerkom op die praktiese toepassing van die tegemoetkoming. Die Engelse *facilitate* kom in die prentjie. Dit beteken: vergemaklik, voorthelp.

Predikant as fasiliteerder

Terug by die begrafnisdiens. Die predikant kondig homself as fasiliteerder aan. Hy beskou dit as sy taak om troos aan die bedroefde familie en vriende te fasiliteer. Onmiddellik impliseer dit ten minste twee dinge (bes moontlik meer). As predikant moet hy die treurende agtergeblewenes voorthelp, sodat hulle leed verlig kan word. Hy mag egter nie betrokke wees by die fasiliteit wat hy fasiliteer nie. Hy staan as 't ware op die kant, en poog om 'n brug tussen God die Trooster en die familie as troos-soekendes te bou.

Die verloop van die betrokke begrafnisdiens het getoon dat die fasiliteerder-domeinee hom knap van sy fasiliteer-taak gekwyet het. Daar is Bybel gelees. Daarna is die oorledene se lewe (met hier en daar 'n kwinkslag

tussen-in om die spanning te verlig) in die Bybelverhaal ingeweef, tot so 'n mate dat elke teenwoordige sou kon dink dat die name wat in die Skrifgedeelte voorkom net so wel met die naam van die oorledene vervang kon word. Dit word in die teologie inlegkunde en eksemplarisme genoem. Die troos wat gefasiliteer is, het daarop neergekom dat die agtergeblewenes baie van die oorledene gehoor het. En min van God. Bitter min.

Predikant as dienaar

Johannes die Doper het verkondig: 'Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!' (Johannes 1:29) ... 'Hy moet meer word, maar ek minder' (Johannes 3:30). Johannes fasiliteer nie. Hy verkondig. Hy spreek met gesag. Hy wys weg van homself na die Een wat by verre sy meerdere is. Hy bedien die Woord van God. As bedienaar van God se Woord is hy self vol van dit wat hy verkondig. Hy kan onmoontlik nie betrokke wees oor dit wat hy verkondig nie. Hy glo elke woord wat hy bedien. In die proses van Woordbediening het hy op die agtergrond verdwyn. As vriend van die Bruidegom vestig hy alle aandag op die Bruidegom (Johannes 3:29). Daarin vind hy self troos, en vertrou hy sy luisteraars. Alles draai om God in Christus.

Vóór Johannes is daar talle bedienaars deur God geroep en gestuur om die

INHOUD

- | | | | | | |
|---|--|---|---|----|--|
| 1 | Redaksioneel
VDM/FDM | 5 | Aktueel
Potensiële berowing van God
<i>Dr ALA Buys</i> | 9 | In die Koninkryk
Die gedenkteken van die waterwal by Gilgal
<i>Dr JG Meijer</i> |
| 2 | Skrifoorndenking
Vir God se Woord sal die gelowiges sterf
<i>Ds SD Snyman</i> | 7 | Op die Kerkerf
Die anatomie van die siel - 'n nuwe beryming?
<i>Prof JM Boon</i> | 10 | Rekenaar en Internet
Alfred Edersheim (1)
<i>Dr AH Bogaards</i> |
| 4 | Aktueel
Vrymesselary - 'n godsdienstige kulte?
<i>Mev H Stolper</i> | | | 10 | Persskou
Die stem van Stellenbosch
<i>Ds GJ Meijer</i> |

verbondswoord aan die verbondsvolk te bedien. Dit word in die Ou Testament bekend gemaak. Ná Johannes sou daar 'n menigte Woordbedienaars volg. Van hulle lees ons in die Nuwe Testament. Elkeen is VDM: Verbi Dei Minister – bedienaar van God se Woord. Bediening van die Woord het alles te doen met eerbiedige luister na die Woord, gretige inneem van die Woord, gegryp wees deur die Woord, suiwer uitleg en toepassing van die Woord. Die bedienaar van die Woord is geheel en

al deur die Woord in beslag geneem. Só, vol van Gods Woord en Gees, bestyg hy die kansel. Nie om met veelheid van woorde (en kwinkslae) 'n fasiliteit aan die luisteraars te bemark nie. Wel om die HERE Here te verkondig: die HERE se verbondsgenade en verbondseise. Ook sy verbondsoordele. Dit alles word met gesag gedoen. Die gemeente word geroep om met ontsag te luister. Die gemeente se troos lê daarin om vol te word van die heerlikheid van God, sodat elke

luisteraar met oortuiging kan sê: 'Hoe groot is God; hoe klein is ons'.

FDM – Facilitator Dei Ministerii (dit is: fasiliteerder van die Goddelike bediening)? Nee. Nee. Nogmaals nee. Dit is nie die predikant se roeping nie. VDM – *bedienaar* van God se Woord: dit *is* die predikant! Daartoe word hy bekwaam gemaak en geroep. Predikante wat VDM is, rus die gemeente daadwerklik vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus toe (Efesiërs 4:12).

SKRIFOORDENKING

Ds SD Snyman, Pretoria - Magalieskruin

Vir God se Woord sal die gelowiges sterf

Lees: Openbaring 6

Kernvers: Openbaring 6:9

Waarvoor is ons as gelowiges bereid om te sterf? In ons leeftyd het ons gesien dat sommige mense bereid is om vir hulle politieke ideale te sterf. 'n Mens kan jou ook indink dat sommige ouers bereid sal wees om vir hulle kinders te sterf as die situasie dit verg. Maar hoeveel mense sal bereid wees om vir die Woord van God te sterf? Sal ons onder doodsdruk sê: 'Julle kan my maar doodmaak, maar van dit wat in die Bybel staan, sien ek nie af nie'? Deesdae is dit 'n stryd om mense te oortuig om tyd aan Bybellees af te staan. Hoeveel geestelike verdieping sal dan nie nodig wees voordat mense bereid sal word om hulle lewe vir die Woord van God op te offer nie?

Martelaarskap 'n werklikheid

In Openbaring 6 word die grootste deel van die wêreldsgeskiedenis, soos op een groot doek, geskilder. Hier is 'n beskrywing van dit wat God deur al die eeue in hierdie wêreld laat gebeur en toelaat om te gebeur. Die perde, byvoorbeeld, en dit wat hulle simboliseer, verwys na faktore en gebeure wat Hy as instrumente gebruik om sy plan met hierdie wêreld uit te voer.

Een van die dinge wat in hierdie wêreld gebeur, wat God toelaat met

die oog op die bereiking van sy doel met die wêreldsgeskiedenis, is die vervolging van christene. Onder die altaar is die siele van gelowiges wat doodgemaak is, die siele van christen-martelare. Hulle word beskryf as 'die siele van die wat geslag is'. Hierdie term 'geslag' wys iets van die haat teen christene, die martelinge wat hulle moes verduur en die wrede maniere waarop hulle vermoor is.

Dat die siele ónder die altaar is, sê onder andere dat hulle gedek is deur dit waarvoor die altaar staan, die versoening met God. 'Onder die altaar' is hulle veilig teen al die oordele van God oor die sondes en goddelooshede van mense. Hulle sondes is vergewe, deurdat hulle geglo het dat die ware Offerdier, wat op die altaar van Golgota geslag is, Jesus Christus, ook vir hulle geslag is. Die wit klere wat vir hulle gegee is (vers 11), is die bewys daarvan dat hulle geestelik rein is, skoongewas van al hulle sondes. Hulle wag, terwyl hulle solank die volmaakte rus en vrede by God geniet, vir die laaste en regverdige oordele van God oor hulle haters, martelaars en moordenaars.

Die vervolging van christene is 'n werklikheid in hierdie wêreld. In ons tyd kom christenvervolging in tientalle lande voor. Op webwerwe wat inligting oor christenvervolging verskaf, word byvoorbeeld lyste gepubliseer

van die vyftig lande waar dit die ergste voorkom. Dit gee 'n idee van die omvang van hierdie vervolging. Onder die boonste tien tel lande soos Noord-Korea, Saoedi-Arabië, Viëtnam, Pakistan, Afghanistan, Somalië. Daar is berekenings wat daarop dui dat daar sedert die tyd van Jesus al meer as 43 miljoen christene martelare geword het.

Doodgemaak vir die Woord

Waarvoor word christene geslag? Waaraan hou hulle so onwrikbaar vas dat hulle hulself eerder sal laat doodmaak as om dit prys te gee?

Die christen-martelare waarvan Openbaring 6 vertel, is doodgemaak ter wille van 'die woord van God en die getuïenis wat hulle gehad het.'

Die 'woord van God' verwys hier na alles wat God deur al die eeue aan sy volk geopenbaar het en wat opgeteken is as die geskifte van die Ou Testament. Die 'getuïenis wat hulle gehad het', is die getuïenis wat Jesus Christus gelewer het. Hy is mos die 'getroue getuie' (Openbaring 1:5). Hy is die Een wat die mense op aarde kom leer het oor die koninkryk van God, oor wie Hy (Jesus) is, oor wat Hy kom doen het, oor wie die Heilige Gees is en waarvoor Hy Hom sou stuur. Dit is ook die boodskap wat die apostels verder uitgedra het en wat

vervat is in die geskrifte wat ons as die Nuwe Testament ken. Die 'woord van God' en die 'getuienis wat hulle gehad het', is dus die Ou en Nuwe Testament, saamgevat in die boek wat ons 'Bybel' noem.

Oor hierdie boek, die Bybel, is die christene doodgemaak. Omdat hulle aan dit wat in die Bybel staan vasgehou het, is hulle vervolgd en gemartel en doodgemaak.

Die christene het byvoorbeeld die getuienis van Jesus dat Hy die beloofde Messias is, geglo. Die Jode het egter nie daarvan gehou nie en waar hulle kon die christene daarvoor vervolgd.

Die christene het die Bybel aanvaar wat leer dat daar net een God is, die drieënige God, wat Hom in die Bybel openbaar. Die heidenwêreld het egter nie daarvan gehou dat die christene met hierdie oortuiging al die heidense afgode as skeppings van menslike verbeelding ontmasker het nie. Hulle het die christene daarvoor gehaat en vervolgd.

Die christene het Jesus, wat gesê het dat Hy alle mag in die hemel en op aarde het en dat Hy Koning van alle konings en Heer van alle heersers is, geglo. Van die Romeinse keisers het egter nie daarvan gehou dat mense glo dat iemand anders bo hulle is nie. Hulle het die christene, wat nie wou bely dat die keiser die hoogste koning en heer is nie, doodgemaak.

Vir hierdie boek, die Bybel, vir dit wat hierin staan, was christene bereid om vervolging te dra, om gemartel te word, om doodgemaak te word. Oor die inhoud van die Bybel, wat hulle deur die werk van die Heilige Gees as die waarheid leer ken en aanvaar het, was hulle houding: 'Julle kan my maar slag, maar hierdie waarheid oor God en oor die mens en oor die Verlosser en oor die ewigheid kan ek nie verloën nie!'

Vir God se Woord is God se kinders bereid om te sterf.

Is ons van hierdie kaliber?

Dit is skreiend dat selfs mense wat as christene en as christelike leraars bekend staan, dit tans hulle werk maak om die betroubaarheid en die gesag van die Bybel en die waarde daarvan vir vandag af te kraak. Hierdie mense leer onder andere:

- dat die beskrywing van die skepping in Genesis 'n mite is;
- dat die sondvloed nooit plaasgevind het nie;
- dat Jona nooit in die vis was nie;
- dat Jesus nie regtig liggaamlik uit die dood opgestaan het nie;
- dat dit wat die Bybel oor die man-vrou verhouding en oor homoseksualisme leer, verouderde opinies is wat vandag nie meer geld nie;
- dat mense wat glo dat die Bybel die onfeilbare woord van God is, onwetenskaplik, naïef en fundamentalisties is.

Van een ding kan hierdie soort denkers en leraars seker wees: hulle hoef nie bang te wees vir vervolging nie. Die wêreld haat nie mense wat die Bybel kritiseer, afkraak en as 'n bloot menslike godsdiensboek beskou nie. Dit is ook moeilik om jou in te dink dat mense wat die Bybel as blote mensewerk beskou, hulle daarvoor sal laat doodmaak. Watter sin sou dit hê om deur jou dood 'n getuie te word van 'n boek wat (volgens jou dan) vol foute en teenstrydighede en uitgediende opdragte is?

Wat sal ons in die lig van Openbaring 6:9 van mense moet sê wat, sonder enige bedreiging teen hulle, nie eers tien minute op 'n dag kan opoffer vir hierdie boek nie? Nie eers een uur per week kan afstaan vir Bybelstudie nie? Vir wie twee byeenkomste per week, van ongeveer 'n uur elk, waarin ons met die God van die Bybel besig is, te veel gevra is? Wat maar stilbly as die trant van 'n gesprek teen dit wat in hierdie boek staan, ingaan, want

netnou word hulle gespot as hulle vir die Bybelse waarheid opkom? Ook sulke mense sal waarskynlik nooit vir die woord van God en die getuienis van Jesus Christus doodgemaak word nie. As jy sukkel om *ure en minute* vir 'n saak op te offer, hoe sal jy dit dan ooit regkry om *jou lewe* daarvoor te offer?

Wat sal ons, in die lig van hierdie Skrifgedeelte, van mense sê wat formeel nog die Bybel as God se Woord aanvaar en dit selfs nog lees en bestudeer, maar as dit by die praktyk van hulle lewe kom, dan het die Woord geen effek nie? Hulle voer nie die opdragte wat in die Woord staan, uit nie. Hulle word nie getroos deur die Woord nie. Hulle skep nie moed uit God se beloftes nie. Hulle bly verkeerde dinge doen. Hulle bly ontroosbaar. Hulle bly terneergedruk. Hulle bly ontevrede en ondankbaar. Dit klink ook nie na mense wat bereid sal wees om hulle lewe te verloor eerder as om iets wat in hierdie boek staan, prys te gee nie.

Hierdie vers behoort ons skaam te maak oor ons oppervlakkige omgang met die woord van God en met die getuienis van Jesus Christus. Daarom dien dit as 'n oproep van die Heilige Gees dat ons met nuwe erns na die woord van God en getuienis van Jesus Christus sal kyk; dat ons weer sal gaan kyk wat dit is wat hierdie woord en getuienis soveel werd maak dat jy selfs tot die dood toe daaraan behoort vas te hou.

Dan dien hierdie vers natuurlik as 'n aansporing. Die stryd om die gesag en die betekenis van die Bybel, ook vir vandag, te handhaaf, verdien ons beste kragte.

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulieke modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding



In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat.

Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134
of e-pos: rvdkooy@mailbox.co.za

Vrymesselary

- 'n godsdienstige kulte?

Wat is Vrymesselary?

Vrymesselaars beweer dat hulle slegs 'n internasionale broederlike organisasie is, wat veral op liefdadigheid fokus. Hulle beklemtoon dat dit nie 'n godsdienst is nie, maar 'n beweging wat mense leer om beter mense te word - 'n soort geheime kultuurklub waarvan slegs lede vergaderings mag bywoon. In Suid-Afrika het die groep vroeër as die Bokryers bekend gestaan.

Oorsprong

Gedurende die Middeleeue het die boukunsenaars, wat vir die bou van paleise, kastele en katedrale verantwoordelik was, 'n soort vakbond gestig om hulle beroep en kuns teen indringers te beskerm. Hulle het gereeld in hout bouhutte, wat hulle die losie genoem het, saamgekom. Later het het ander beroepslui besef dat so 'n vakbond heelwat voordele inhou en daarby aangesluit. Die gedagte het ontstaan dat die nuwe saamgestelde vakbond nie meer kastele en katedrale nie, maar die tempel van humaniteit sou bou.

Die naam Vrymesselaars sowel as die simbole wat hulle gebruik, naamlik die winkelhaak en passer, is aan die bouwêreld ontleen. Die winkelhaak dui op die 'glad maak' van menseverhoudings deur verdraagsaamheid aan te kweek, terwyl die passer die sirkel van die goedwilligheid van en teenoor alle mense simboliseer. Hierdie beweging het oor die hele wêreld versprei. Dit is hoofsaaklik bedoel vir vooruitstrewende jong mans wat invloedryke en vooraanstaande posisies in die samelewing beklee en só 'n groot bydrae binne die organisasie kan lewer.

Doel

Die hoofklem lê op liefdadigheid - die welsyn van die mensheid. Die eintlike doel van Vrymesselary lê in die strewe

na veredeling, vervolmaking van die mensdom. Hierdie doel moet deur 'n universele verbond bereik word. Daarom propageer die Vrymesselary simpatiek-waarderende verdraagsaamheid op alle fronte en gee homself as neutraal voor waar dit beginselsake betref. Onderlinge verskille ten opsigte van religie en kultuur moet deur verdraagsaamheid (positiewe waardering) vir ander se standpunte en neutraliteit uit die weg geruim word. Hulle strewende na 'n geestelike wêreldorde wat van die wêreld 'n beter plek, 'n utopie, moet maak. Ewolusie van die mensheid sal bereik word deur die krag van elke individu se persoonlikheid (volle potensiaalontwikkeling) en 'n broederskap tussen mense as gevolg van die eenderse bestemming.

Praktyk

Vrymesselary is 'n geheime organisasie wat sy lede geheime tekens, grepe en woorde leer. Geheimhouding word deur bloeddorstige ede, wat lede moet aflê, gewaarborg. Vergeldingsmaatreëls word aan lede voorgehou indien hulle die geheime sou openbaar.

Mense van alle godsdienste word tot die Vrymesselary toegelaat. In die maatskaplike en sakewêreld sal hulle mekaar in sake soos werkverskaffing bevoordeel. Potensiële lede word tydig binne die invloedssfeer van die beweging betrek. Deur allerhande voordele wat aan lidmaatskap gekoppel is, word dit vir hulle aantreklik gemaak. Ander sluit uit pure nuuskierigheid aan. Nuwelinge word vertel van die geheim wat geopenbaar sal word indien hulle toetree en die pad van verskillende grade loop.

Die eerste graad is deel van die Blou Losie, wat uit drie grade bestaan. Tydens graduering dra die nuwe lid 'n voorskoot, van skaapvel gemaak, wat op sy onskuld dui. Na die derde graad betree lede die spekulatiewe gedeelte. Die meeste vorder egter nie verder

as die derde graad, naamlik dié van meester Vrymesselaar nie. Die wat wil, kan kies in watter rite hulle verder wil gradueer.

Om van een na die volgende graad te vorder, moet bepaalde prosedures en tekens ingestudeer, sekere vrae en antwoorde geken en die regte woorde gespreek word. By elke graad word 'n eed afgelê sodat die geheime van die graad en die voorafgaande grade nie aan enigiemand anders vertel word nie. Slegs Vrymesselaars van dieselfde graad mag geheime deel. Elke Vrymesselaar verwag dat die groot geheim en die verligting waarna hy soek in die volgende graad aan hom bekend gemaak sal word. Tydens graduering word lede gevra waarna hulle soek. Hulle antwoord is lig. Hul soek na die lig van die waarheid namate hulle die gradetrap beklim.

Godsdienste

Alhoewel Vrymesselary homself nie as 'n godsdienst aanmeld omdat dit nie 'n duidelike verlossingsplan het nie, is dit in wese tog 'n godsdienst en wel om die volgende redes:

- Elke vergadering in die losie word met Skriflesing en gebed geopen. Die Bybel lê altyd by Johannes 1 oop met die winkelhaak en passer bo-op die Bybel (in sommige lande gebruik die Vrymesselaars die Koran of Veda vir die doel).
- Die ede vir elke graad moet met die hand op die Bybel, winkelhaak en passer gesweer word.
- Hulle vereer nie die enigste ware God van die Skrif nie, maar die Opperste Bouheer, vader van alle mense, wie se eintlike naam eers by hoër grade aan hulle bekend gemaak word. Die naam is Jabulon wat 'n samevoeging van die name **Jawheh**, **Bul** (Baäl) en **On** (Egiptiese songod) is.

Verligting (verlossing) vind deur middel van die opklim in grade plaas. 'n

Gewone Blou Losie Vrymesselaar verlos homself deur sy strewende om 'n beter mens te wees, van die wêreld 'n beter plek te maak en dit ook aan ander oor te dra. Hulle verwerp die gereformeerde leer insake erfsonde en verlossing slegs deur Jesus Christus. Jesus Christus is vir hulle net 'n belangrike persoon soos byvoorbeeld Mohammed en Boeddha. Na hulle mening is alle godsdienste gelyk; dit bestaan almal immers uit twee fasette, naamlik liefde tot 'God' en liefde tot die naaste. Elkeen deel dus eintlik die geloof van almal.

Dood word nie gesien as die laaste vyand nie, maar as 'n voorts kryding na volkomeheid. Na die dood wag

die ewige lewe in die Groot Losie in die lug.

Beoordeling

Uit bostaande kan ons aflei waarom die Vrymesselary afgewys moet word. Dit is 'n godsdienst wat 'n algod vereer en gerig is op selfverlossing deur goeie dade. Terwyl die Vrymesselaar na lig soek, raak hy al hoe meer in die godlose duisternis verstregtel. Slegs by Jesus Christus sal hy ware Lig en Waarheid vind. Die strewende om liefdadigheid te bevorder is moontlik goed, maar verkeerdelik gewortel in die gedagte dat die mens deur middel van 'n universele verbond die

utopia op aarde kan bereik. Hierdie wêrelddeënheid staan egter vyandig teenoor Jesus Christus en sy kerk en is in feite 'n herhaling van die menslike poging wat in Genesis 11 beskryf word.

Uit die huidige wêreldwye maatskaplike orde en doelwitte is dit duidelik dat hierdie organisasie groot invloed het. Ons hoor die krete van verdraagsaamheid, van godsdienstgelykheid, neutraliteit en selfverlossing. Ons mag dit as gelowiges nie gelate aanvaar nie. Ons moet die blye boodskap van redding en verlossing uit ons gemeenskaplike ellende laat klink: Christus Jesus is die enigste Weg, Waarheid en Lewe!

AKTUEEL

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Potensiële berowing van God*

Die woord vermoë of potensiaal, *potestas*, was in die Romeinse wêreld bekend. Dit het vir hulle die volgende drie betekenis ingehou:

- vermoë, krag en werking;
- bevoegdheid - in die sin van heer en meester wees, of om in iemand anders se mag te kom;
- 'n geleentheid kry of gee, met 'n keuse of toestemming.

Hierdie woordstudie kom uit 'n kultuur en ou taal wat sy wortels geheel en al in die heidendom het. Daarom kan 'n mens nie te veel leerwaarde daaraan heg nie. Tog is die Romeine nooit klaar met ons nie aangesien soveel van ons woorde, en hulle betekenis, nog steeds op daardie heidense stam groei. Gaan ons gebruik van die woord 'potensiaal' nie gebuk onder hierdie ou invloed nie?

'Vertel vir die kind van sy talente.' 'Lees vir hom die gelykenis daaroor.' 'Gee hom 'n prys vir sy talente.' 'Jy moet jou volle potensiaal ontwikkel.' Dit is alles gonswoorde, gewortel in die ou Grieks-Romeinse stam. Die New-Age vruggie daarvan is om meester van jou eie potensiaal te wees - 'n potensiaal wat deur verskillende tegnieke na vore gebring moet word. Die New-Ager is sy eie god.

'Gee aan God die eer vir jou talente.' Dit klink aanvanklik vroom om te sê en te doen. By so 'n prysuitdeling lees die dominee 'n gepaste deel oor God as die Gewer van die gawes en die ouers word prysenswaardig. Het ons hiermee egter nie maar net 'n heidense gedagte afgewit nie? Kortliks gestel: Het ons in ons denke al met die heidense idee van *potestas*, as die vermoë om jou eie meester te wees, gebreek? Het ons genoeg gesê deur formeel en in ons hart te verklaar dat God die Gewer van die gawes is, of verbloem ons daardeur net die eiesinnige en verkeerde aanwending van die gawes? Selfs al hou ons geen uitdeling van pryse nie, beteken dit geensins dat God as Gewer erken word soos Hy erken wil word nie. Wanneer God net as die Gewer erken word sonder om die heidense wortel af te sny, rig ons ons eie onderwysgoue-kalf op. Vir Israel is gesê: 'Hier o Israel is die gode wat jou uit Egipte geleidelik het.' Uit Egipte verlos tot afgodery!

Ouers en onderwysers moet hulle volle potensiaal bereik. As ouer behels dit die vyfde gebod en die verbond. As onderwyser sluit dit ook die gemeenskap van die heiliges en gawes in. Die doopbelofte, deur die ouer in die erediens afgelê, bind die onderwyser as getuie om met die kind van die ouer te werk asof dit sy eie

kind is, asof dit sy eie belofte is wat hy of sy afgelê het. Hoe bereik 'n ouer en 'n onderwyser hulle volle potensiaal in 'n omgewing waar die post-moderne mens die vergoddeliking van die mens formeel en subtiel wil bewerk?

God die Gewer van die gawes

God gee die vermoë, die *potestas*, die potensiaal om te kan. Op die sogenaamde aangebore en later gegewe gawes word nou nie verder ingegaan nie. In beginsel lê beide in die hand van God. God gee wat Hy wil, aan wie Hy wil, solank as wat Hy wil. God diskrimineer - om daardie belade woord te gebruik. Hy gee en Hy neem. Met die erkenning dat God sekere gawes aan die ouer en die onderwyser gegee het, is nog nie alles gesê nie. Geloofsbelofte oor die geskenke, oor vermoë om iets te kan doen, moet met die daad in effektiewe uitvoering daarvan bewys word. Potensiaal, *potestas*, is dus nooit iets van binne die mens nie, maar altyd iets uit God se hand. Verder, ontsaglik belangrik, is dit aan die raad, aan die wil en welbehag van God gekoppel.

* Lesing gehou by die ARSO seminar op 14 Mei 2004 by die Gereformeerde Kerk Lyttelton

Die vraag: Hoe bereik ek my potensiaal? is niks anders as die vraag: Wat wil God, deur Jesus Christus, in en deur my volgens die raad van sy wil bereik? Onmiddellik is daar dus sekere tereg wysings ten opsigte van ons populêre idee oor potensiaal. Gawes kom altyd met gebruikersaanwysings. Om te kan, is om te moet. Sonder die ampte van Christus, sonder om die potensiaal van Christus te erken, is die gawes 'n kragtige vermoë in die hand van Satan om God se eer te steel - in die kerk en in die skool.

'n Aansienlike verdieping oor gawes vind in die verskillende openbaringsbedelings plaas. In die Ou Testament vind 'n mens slegs die kern hiervan. Die volgende vier aspekte, naamlik gered, geroof, gereed en gereg word hieronder bespreek om 'n handvat vir die bereiking van ons potensiaal te bied.

Gered

As gelowiges is ons met 'n sekere doel gered: om heilig en sonder gebrek voor God te staan (Efesiërs 1:4).

As enkeling en as geloofsgemeenskap moet ons in die onderwys ons eie uitverkiesing vasmaak. Die gereformeerde skool as idee en die Gereformeerde Kerk se kansel word tans deur 'n verskriklike verskraling van die saligheid bedreig. Alle vrae, ook oor my as ouer en onderwyser se potensiaal om 'n prysuitdeling te hou, word aan die vraag gekoppel: Watter verskil maak dit aan my saligheid? Gaan ek dan nie hemel toe as ek dit of dat doen nie?

Hierdie soteriologiese verskraling in die teologie vandag, waar Christus nie meer as ons enigste Verlosser en Saligmaker erken en gedien word nie, is die doodsteek vir die gereformeerde skoolbeweging in Suid-Afrika. Met bogenoemde vrae is ons weer terug by die staatskool. Die privaatskool is dan nie meer 'n verbondskool nie, maar 'n prestige statusskool waar standaard en nie geloofstandaard tel nie.

Ons is met 'n doel gered. Daar is 'n kuriologiese-pneumatiëse doel met die uitverkiesing. In gewone taal: Die Here Jesus word juis as die HERE, ons Verlosser-Koning bely. Hy is die Een wat red en bevele uitreik. Die

pneumatologie wys op die werking van die Heilige Gees in die kerk. As ouer en onderwyser moet ons die kind voorberei vir sy dienswerk in die volvoering van God se raadsplan in sy lewe. Die kind moet gebring word om die volgende vraag biddend te antwoord: Ek is gered, ek het gawes ontvang - om wat mee te doen? Wat wil die Here Jesus Christus daarmee doen? Help 'n prysuitdeling die kind om sy eie uitverkiesing beter te verstaan? Die heidene leer ons om pryse te gee vir blink gawes wat dikwels aan ekonomiese vooruitgang gekoppel is.

Geroof

Gawes is duur. Volgens Efesiërs 4:8 het Christus die gawes van sy vyande teruggeroof: 'Toe Hy opgevaar het in die hoogte het Hy die gevangenes gevange geneem en die gawes aan die mense gegee.' Jesus Christus, die Verlosser-Koning neem die oorlogskat, die buit, van sy vyande en Hy gee dit aan die kerk. Ons moet nie skrik vir die woord 'roof' nie. Die Ou Testamentiese Kerk het Egipte al, in opdrag van God, beroof. Ongelukkig het hulle met die einste goudgawes 'n goue kalf, wat hulle as Jahwe aangesien het, gebou.

As ouers en onderwysers moet ons weet hoe duur ons eie gawes is. Die prys was niks minder nie as 'n lewende Jesus, dood in die hel, om daardie gawes aan die Satan se bouse mag en hande te ontruk. Mag ek dan enigiets doen wat daardie gawes ooit weer in die hande of onder die invloed van die Satan se raadsplan stel? Hoe wys 'n prysuitdeling dat al die verbondskinders, alhoewel nie ewe veel nie, maar almal, op grond van die verbond aan hierdie uitdeel van die buit deel het? As onderwyser en as ouer mag ek nooit weer die potensiaal ontwikkel om die gawes wat uit God se hand gegee word in die hand van Satan te plaas nie. Die Gereformeerde kerke moet hieroor aangespreek word. Hoe kan die Gereformeerde kerke hulself as gawe aan die wêreld sien, maar op ongereformeerde staatsonderwys, en dit ook as gawe van God, aandring? Het die Gereformeerde Kerk al ooit gedink wat die hemelvaart van Christus potensieel vir die onderwys beteken? Beroof, in die lelike sin van

die woord, ons mekaar nie van gawes deur die kosprys van die gawes nie te verreken nie?

Gereed

Is ek gereed om my gawes doelmatig, kuriologies-pneumatiëse, aan te wend? Begeer ek om, saam met ander wat gered is, die wil van God met my gawes te doen? Paulus skryf oor die begeerlikheid van die vlees as 'n lus om die bouse te doen (Efesiërs 2:1-3). Is ons, as ouers en onderwysers, al los van die begeerlikheid van die vlees met betrekking tot ons potensiaal, tot ons vermoë? Begeer ons, deur die Gees, om werklik die wil van God in ons en ons kinders se lewe te volvoer? Het ons 'n geheiligde begeerte om die vermoë te ontwikkel, om die potensiaal te verkry, om God se wil, sy ewige raad, deelnemend te gehoorsaam? Dit is van uiterste belang dat potensiaal - as die woord gebruik moet word - altyd verbind is en moet wees aan die beheersing van die Heilige Gees. Wat begeer ek vir my en my kind se gawes? Is dit 'n geheiligde begeerte of 'n begeerte van die vlees? Is dit 'n hunkering aangevuur deur die Heilige Gees? Is dit 'n brandende begeerte om God, met sy eie gawes wat Hy aan my gegee het, te eer? Dan erken ek nie net dat ek dit by God gekry het nie, maar ook dat Hy die Eienaar daarvan is deurdat my gawes sy ewige raad, sy heilige wil vervul.

Gereg

Ons staan met ons potensiaal, met ons gawes as afgodsoffers, of met ons gebuite gawes as ware Godsdiens, voor die gereg van God. Kinders word dikwels gedreig met die gelykenis van dié wat het en wat nog sal kry; en dié wat nie het nie, dit wat hulle nog het, sal verloor. Gaan God se oordeel nie ook oor ons heen nie as by 'n gereformeerde geslag ouers en onderwysers wat die vermoë het om God te dien, die begeerte ontbreek om in die diep geopenbaarde geheimenisse van sy wil in te dring? Soek ons regtig wat God wil? Ons is besig om met 'n baie klein stroompie die gereformeerde onderwys te probeer bevorder. Daarom moet ons weet dat God se oordeel ook oor daardie

werke heen sal gaan. Wat sal staande bly, wat ons sal volg, soos in Openbaring staan, sal nog gesien moet word. As ons net aan God sê: 'U gee, maar ons neem oor. U gee die gawes, ons erken U daarin, maar ons wend dit nie aan soos wat Christus in sy drie ampte dit in ons verwerk nie', dan het ook ons 'n geslag geword wat hieroor in die gereg van God nie staande sal bly nie. Dan moet ons ook maar aan die einde sê: 'Ons het geweet U was 'n baie harde man, hier is wat U aan my gegee het: die potensiaal, dit, en net dit. Ek en my huis het toe

nie meegehelp aan die koms van U koninkryk nie, terwyl ek gehoor het U sê die koninkryk is binne-in my.'

Hierdie saak sny diep. Die gereformeerde onderwys kan oor die saak van gawes, en sogenaamde beloning daarvan, die heidense wortel voortplant - dan was al die moeite inderdaad tevergeefs. Dan het ons tevergeefs vroeg en laat opgebly en brood van smarte geëet, want God het die skool dan nie gebou nie. Dan neem God ons op ons mondelikse geloofsbelofte as Hy sê: 'As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer?' (Maleagi

1:6). Mag ons God beroof deur ons kinders se sogenaamde potensiaal los van en dan teen die Gesalfde, Jesus, te ontwikkel? 'n Seun eer sy Vader. Dit is wat Jesus Christus doen en dit is wat Hy in ons wil doen, ook met ons kinders se gawes.

Het ons die potensiaal ontwikkel om God in die kerk en die skool te beroof, of erken ons Christus se vermoë, sy potensiaal, om van smetlike sondaars gehoorsame gawegebruikers te maak?

Mag ons God beroof?

OP DIE KERKERF

Prof JM Boon, Pretoria

Die anatomie van die siel – 'n nuwe beryming?

Johannes Calvyn tipeer die psalms as die verwoording van die anatomie van die siel. Nie alleen die beleving van elke kind van die Here in verskillende fasette van die lewe word aangespreek nie, maar ook die skepping van die Here word op ongeëwenaarde wyse besing. Verder is die psalms versadig van die heilshistoriese werke van die Here. Die psalms is onvervangbare monumente wat die Here in die siel van sy kinders ingiet.

Telkemale, by die sterfbed van 'n broeder of suster in die geloof, het juis die berymde psalms, ingegraveer in die grein van God se kinders, gedien as kragtige middel van bemoediging, uiting van diepste emosie en veral die voertuig om die Here in die hemel lof en eer toe te bring.

Ook in die erediens wil die Here op die lofliedere van sy kinders woon. Uit die mond van kinders en suigeling berei Hy sterkte. Dit mag verder eggo in die huislike erediens en skool. 'n Onvervangbare skat, onmisbaar in die wapenrusting van die kinders van die Here.

Hoe belangrik is die beryming van die psalms! Watter groot gawe het die kerk van die Reformasie aan die kerk van Christus gegee, toe daar op eenvoudige en Skrifgetroue manier 'n bundel van berymde psalms

gepubliseer is – 'n skat waarmee God se kinders sy lof na volle waarde kon uitsing!

Ook in Suid-Afrika het die Here sy kerk met die Totius-beryming geseën, 'n beryming in Afrikaans: eenvoudig, digterlik en Skrifgetrou. 'n Beryming wat jonk en oud kan gebruik en saambind in die erediens in die kerk, by die huis, by die skool – as jy in jou huis sit en as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan (Deuteronomium 6:7). Generasies sing uit een mond en tot eer van die Here.

'n Nuwe beryming het onlangs die lig gesien, gepubliseer in *Die liedboek van die Kerk* deur NG Kerk-Uitgewers. 'n Groot werk waaraan baie kundiges uit die NG Kerk, NH Kerk, GKSA, APK en Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider Afrika gewerk het. Die psalmkommissie, bestaande uit verteenwoordigers van bogenoemde kerke, het 'n wye ondersoek na die gebruik van die psalms in die erediens gedoen - wat die tendense is, watter probleme ondervind word, hoedanig die beeld van die sing van die psalms is en wat die behoeftes is. Dit het tot 'n groot mate die werk van hierdie kommissie gestempel.

Eietyds Afrikaans, omdigtings om vir die christelike gemeente dieselfde boodskap van die Hebreeuse teks in Afrikaans te verwoord, in meer

singbare melodieë as die onbekende en daarom onbeminde Geneefse melodieë, was grondliggend belangrik. Prof TT Cloete is vir die omdigting aangewys en verskeie musici het melodieë voorgelê.

Inderdaad, die strewe na 'n psalmberyming in gewone Afrikaans is belangrik. Die voorwoord van die redakteurs stel dat daar nou, na 23 jaar, weer 'n nuwe amptelike liedboek in Afrikaans beskikbaar is.

Onlangs het ek en my gesin die voorreg gehad om 'n jaar in Engeland te bly. In die Cambridge Presbyterian Church, susterkerk van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) in Nederland, het ons uit die Scottish Psalter, 'n hersiene weergawe van die 'Scottish metrical version of the Psalms' uit die tyd na die Reformasie, gesing - 'n beryming wat die oorspronklike taal van baie naby op die voet volg. Ons was bevoorreg om Sondae die Here uit hierdie psalmboekie te loof. 'n Hele gemeente, jonk en oud, het uit volle bors die inhoud van die heil, die lof op God se werk in sy skepping, die emosies van die hart in redelike ou Engels besing. In vergelyking met die Afrikaans van die Totiusberyming, 'n baie ouer taal ten opsigte van die moderne Engels. Psalm 100:1,2 (berymd) is 'n voorbeeld:

*All people that on earth do dwell,
sing to the LORD with cheerful voice
Him serve with mirth, his praise forth tell
Come ye before him and rejoice.
Know that the LORD is God indeed
Without our aid He did us make
We are his flock, He doth us feed,
And for his sheep He doth us take.*

Dit was veral interessant om agterin die *Liedboek van die Kerk* die Engelse weergawe van Psalm 100 te vind - byna identies aan die hersiene Scottish Psalter se weergawe van Psalm 100, gedig in 1561 deur William Kethe op die Geneefse melodie van 1551. Wat die taal betref 'n hersiene weergawe in meer moderne Engels, maar inhoudelik presies dieselfde. Hier volg weer die eerste twee verse van Psalm 100 (berymd):

*All people that on earth do dwell
sing to the Lord with cheerful voice.
Serve him with joy, his praises tell,
Come now before him and rejoice!
Know that the LORD is God indeed;
He formed us all without our aid.
We are the flock he comes to feed,
The sheep who by his hand were made.*

In 'n moderne Engelse samelewing het jonk en oud geen probleem daarmee nie. Tog interessant dat ons na slegs 23 jaar nie meer met die Totiusberyming se Afrikaans tevrede sou wees nie! Waarom sou ons nie die Totiusberyming, wat die taal aanbetref, hier en daar kon vernuwe na 'n meer moderne Afrikaans nie?

Taal is belangrik en die behoeftes van gemeentes moet in ag geneem word. Van baie groter belang is die inhoud en getrouheid aan die Skrif wat in 'n beryming vertolk word. Die Engelse Scottish Psalter bewys dat dit die eeue kan deurstaan met van tyd tot tyd 'n hersiening van die taal en styl.

Die nuwe beryming moet primêr volgens die inhoud daarvan, die vraag of die beryming aan die grondteks getrou bly of nie, beoordeel word.

Reeds in die voorwoord is dit duidelik dat die beryming van die dinamies ekwivalente metode gebruik maak. Hierdie metode bly nie getrou aan die grondteks nie, maar die boodskap van

'n skrifgedeelte word, soos ons dink dat dit die eerste Hebreeuse, Aramese of Griekse hoorders bereik het, in die moderne idioom vertaal. Dieselfde metode is in die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gevolg. Op hierdie manier is daar dus 'n groot onus op die interpretasie van die berymer - in wat hy of sy sou dink die boodskap is.

So kan baie elemente uit die psalms verdwyn. Die groot aksent op die Messiaanse karakter van baie psalms kan moeilik tot 'n boodskap vir 'n enkeling gereduseer word. Dink maar aan Psalms 2, 80 en 110, waar die Messiaanse karakter in die nuwe beryming verdwyn het. Ook die vertaling van die name van die Here kom inkonsekwent voor, omdat die betekenis van die Naam Jahweh, Adonai of Eloim nie meer krities vir die gereduseerde boodskap is nie. Die sentrale plek van God se verbondsbeloftes mag soms skipbreuk ly, soos die belofte in Psalm 37 dat die gelowiges die aarde sal besit.

In hierdie berymingsmetode is daar ook minder of geen plek vir heilshistoriese besonderhede nie, soos wat dit pragtig in Psalm 106 na vore kom en nie meer duidelik is in die nuwe beryming nie. Name soos (waarskynlik al jammerlik onbekende name vir baie onder die kerkvolk) Moses, Aäron, Moab se dogters, Baäl-Peor, Pinehas, Meriba, Kanaän, ensovoorts verskyn nie meer in die nuwe beryming nie. Waarskynlik word daar gedink dat dit nie essensieel tot die gereduseerde boodskap van die psalm is nie. Dit het ook tot gevolg dat dit moeiliker word om in aansluiting by 'n heilshistoriese preek 'n psalm te laat sing wat direk aan die preek verbind is. In die nuwe beryming kan byvoorbeeld die geskiedenis van Pinehas nie meer direk met Psalm 106 verbind word nie. Op grond van 'n berymer se interpretasie van die boodskap van die psalm, word die inhoud waarmee die Heilige Gees in die psalms na ons toe kom, ingeperk. Die psalms besing ook die skepping. In ons moderne samelewing se evolusiedenke is dit tog dikwels 'n klippe in die skoen van moderne wetenskappers wat die psalms sou moes sing. Dit is een van die redes waarom daar in sommige kerke baie

gesange gesing word. Die gesange is dikwels tot die ervaring van die gelowige beperk en spreek hom nie direk oor die skepping uit nie. Ons kan egter met vreugde opmerk dat dit nie die nuwe beryming beïnvloed het nie. Psalm 104 is byvoorbeeld, in baie mooi Afrikaans, 'n loflied op die skepping.

Daar is tereg kommer oor die nuwe beryming van die psalms soos dit in die *Liedboek van die Kerk* verskyn. Die metode van beryming laat te veel vryheid aan die berymer toe - sy interpretasie en sy besluit oor wat wel en wat nie berym word nie. Dit veroorsaak noodwendig dat die beryming nie meer die oorspronklike psalm so na as moontlik op die voet, binne die digterlike talent, volg nie. Hierin het die Totiusberyming, met sy moontlik enkele verouderde Afrikaanse uitings, tog meesterlik geslaag - dat die psalms gesing mag word, so na as moontlik aan die vorm wat die Heilige Gees aan ons gegee het, in ons eie taal, op die eenvoudige, maar musikaal sobere Geneefse melodieë wat al eeue vir so baie gelowiges tot innerlike reformasie gedien het en waarvan die melodiese styl en harmonie met die teks so uiters geskik is vir die kerklied. Dit verbind die kerk van vandag op 'n pragtige manier met die kerkgeskiedenis van die Reformasie. Dit smee musiek en poësie effektief tot 'n eenheid saam wat ook vandag 'n kragtige invloed op die hoorder en die sanger mag hê.

Jaarlikse VGL-byeenkoms

22 en 23 Oktober 2004

Gereformeerde Kerkwees in Suid-Afrika

Oop gesprek oor
gereformeerde-wees van die
Gereformeerde Kerke in
Suid-Afrika (GKSA), die
Nederduits Gereformeerde
Kerk (NGK) en die
Vrye Gereformeerde Kerk in
Suid-Afrika (VGKSA).

Die gedenkteken van die waterwal by Gilgal

En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua by Gilgal opgerig.

(Josua 4:20)

Israel staan voor die ingang van Kanaän. Eeue tevore het die HERE aan Abram belowe: Ek gee hierdie land aan jou nageslag (Genesis 15:18). Tans begin die vervulling van hierdie landbelofte. 'n Wonder: Die HERE kloof die waters van die oorvol Jordaan. Bokant toe rys die water op soos 'n wal. Onderkant toe vloe die waters na die Dooie See af. 'n Bruisende rivier verander in 'n begaanbare pad. Die priesters wat die verbondsark dra, stap voor. Binne-in die Jordaan bly hulle staan. Wanneer die hele volk deurgetrek het, verby die ark, beweeg die priesters met die ark na die oorkant. Hulle voetsole raak vaste grond en kyk, die waters begin weer loop en oorstroom die oewers.

Twee gedenktekens

Ter herinnering aan God se wonderwerk rig Josua twee gedenktekens op. Die eerste een bou hy in die Jordaan. Dit kon by laagwater gesien word. Hy bou die tweede gedenkteken, dié by Gilgal, van die twaalf klippe wat twaalf manne, een uit elke stam, uit die Jordaan saamgebring het. Wanneer die nageslag vra: Wat beteken hierdie klippe?, moet die vaders die verhaal van die waterwal en die betekenis daarvan aan hulle kinders oordra.

Nadat hulle hul in Kanaän vestig, mag die volk van God nooit vergeet hoe Hy hulle in die land ingebring het nie. Die gedenkteken van die waterwal by Gilgal hou die geskiedenis van die intog in Kanaän lewendig, ook vir ons.

Vervulling

Die vervulling van die landbelofte geskied volgens Hebreërs 4 stapsgewys. Die eerste vervulling vind by die intog in Kanaän plaas (vergelyk Hebreërs 4:8). Daarna bly daar in hierdie wêreld altyd 'n sabbatsrus vir die volk van God oor (Hebreërs 4:9). Die landbelofte word eers by die beërwing van die nuwe aarde finaal vervul.

Daar word die rus in volkomenheid geskenk. Dan sal die tabernakel (en die ark) van God by die mense wees. Dood, droefheid, geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan (Openbaring 21:3, 4).

Die gedenkteken by Gilgal werp lig op die verlede en van daaruit op die hede en die toekoms vir elkeen wat die taal van die klippe in geloof verstaan. In die geskiedenis van die deurtog deur die Jordaan neem die ark van die verbond 'n sentrale plek in. Daarmee verduidelik die HERE drie dinge.

Troonsetel

Die ark is eerstens sy troonsetel. God troon op die gerubs (2 Koning 19:15; 1 Kronieke 13:6; Psalm 80:2; Psalm 99:1; Jesaja 37:16; Esegjël 1:4-28). Die Koning van Israel betoon by die ingang in die beloofde land sy sterkte. Hy wend niks minder nie as sy skeppingskrag aan. Op die derde skeppingsdag het Hy die lande en die seë geskei (Genesis 1:9). Dieselfde krag word openbaar as Hy die waters van die Rooi See (Eksodus 14) en van die Jordaan kloof, sodat sy volk op droë grond kan deurtrek.

Wie sal onse God, wat sy skeppingskrag tot verlossing van sy volk aanwend, nie prys nie? Moses - en alle gelowiges - sing 'n loflied: o HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U wat wonders doen? U het deur u guns u volk gelei. U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer. Die volke het dit gehoor. Hulle het gesidder. Al die inwoners van Kanaän het gebewe. Deur die grootheid van u arm was hulle stom soos 'n klip, terwyl die volk deurtrek wat U verwerf het. Die HERE sal vir ewig regeer (Eksodus 15:11-18; vergelyk Openbaring 15:3, 4).

Die stryd teen die Kanaäniete is by die deurtog deur die Jordaan eintlik al besleg. God die HERE het hulle verskrik. Die gedenkteken by Gilgal leer: Nie deur mensekrag nie, maar deur die HERE se sterkte is die gelowiges meer as oorwinnaars (Romeine 8:37) en beërwe hulle die beloofde land.

Versoening

Die ark, troonsetel van die HERE, verkondig tweedens die evangelie van versoening. Die bloed wat die hoëpriester jaarliks op die versoendeksel sprinkel, wys skaduagtig op die soenbloed van Jesus Christus (Levitikus 16:6, 14-16, 33-34).

Die volk wat by die verbondsark verbytrek, mag nie sonder versoening die beloofde land ingaan nie. Hulle verkry die erfenis sonder enige verdienste. By die ingang verkondig die ark: Toegang uitsluitend op grond van die bloed van die komende Christus, uit genade alleen.

Dankbaarheid

Derdens lê in die ark die twee tafels van die verbond, die wet as rigsnoer van die dankbaarheid. Dit wil sê: Sonder dankbaarheid, sonder lewensvernuwing, is daar geen toegang tot Kanaän nie. Wie deel het aan Christus se bloed, het ook deel aan sy Gees wat 'n nuwe lewe, 'n lewe uit die Woord van God, in ons werk. Die bevel van Josua aan die volk: Heilig julle (Josua 3:5), geld vandag nog. Jaag die vrede na met almal en die heiligmaking, waarsonder niemand die Here sal sien nie (Hebreërs 12:14). Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die Nuwe Jerusalem. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen (Openbaring 22:14-15).

Praktyk

Die gedenkteken van die waterwal by Gilgal leer die volk van God:

- Nie deur eie krag nie, maar deur God se sterkte sal ons oorwin - vertrou op Hom.
- Nie uit verdienste nie, maar alleen uit genade, sal ons die nuwe aarde beërwe - glo in die Here Jesus.
- Alleen in die weg van die gelowige onderwerping aan die HERE se verordeninge, mag ons die Nuwe Jerusalem binnegaan - bied geen weerstand teen die Heilige Gees wat die lewe vernuwe nie.

Alfred Edersheim (1)

Teoloë wat geïnteresseerd is in die ou Joodse geskrifte soos die Talmud en die Midrash en die lig wat dit werp op die verklaring van Ou en Nuwe Testament, maak veral van die standaardwerk van Strack en Billerbeck gebruik.

Die werk van Strack en Billerbeck is egter nie vir almal toeganklik nie en veral nie vir lidmate nie. Daarom wil ek u in hierdie artikel voorstel aan die bekeerde Jood Alfred Edersheim. In sy werke verwys hy telkens na al die bekende ou Joodse geskrifte.

Wie was Alfred Edersheim?

Edersheim is in 1825 in Wenen in Oostenryk uit Joodse ouers gebore. Hy is in 1889 oorlede. Deur die arbeid van 'n Presbiteriaanse dominee, John Duncan, het hy 'n christen geword. Saam met Duncan het hy na Skotland gegaan, waar hy teologie aan die New College in Edinburgh en aan die Universiteit van Berlyn gaan studeer het. In 1846 het hy predikant in die Presbiteriaanse kerk geword. Daarna was hy 'n tyd lank sendeling onder die Jode in Roemenië. In 1849 word hy predikant in die Free Church in Old Aberdeen en in 1875 sluit hy aan by die Kerk van Engeland.

Sy boeke

Sy werke sluit in: *History of the Jewish Nation after the Destruction of Jerusalem by Titus* (1856); *The Temple: Its Ministry and Services at the Time of Jesus Christ* (1874); *The Golden Diary of Heart-Converse with Jesus in the Psalms* (1874); *Bible History* (1876-87); *Jewish Social Life in the Days of Christ* (1876). Sy grootste

werk is: *The Life and Times of Jesus the Messiah* (1890). Verder het ook nog die volgende uit sy pen verskyn: *Prophecy and History in Relation to the Messiah* (Warburton Lectures in 1880-1885); *Tohu-va-Vohu, "Without form and Void". A Collection of fragmentary Thoughts and Criticisms. Ed. With a Memoir, by Ella Edersheim* (1890).

Aktualiteit: die Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament

Dit is die moeite werd om die boeke van Edersheim te lees.

In sy *The Life and Times of Jesus the Messiah* is daar 'n baie lang bylaag, waarin hy laat sien hoe die Jode verskillende Ou Testamentiese tekste Messiaans verklaar het.

Ek noem maar net enkele interessante gedeeltes:

Psalm 2 is volgens die Joodse geskrifte vol Messiaanse gedeeltes. In Yalkut is daar die volgende verwysing na die woorde 'teen die HERE en sy Gesalfde' (Psalm 2:2): Hulle word vergelyk met 'n rower wat verraderlik agter die paleis van die koning staan en sê: As ek die seun van die koning vind, sal ek hom gryp en hom kruisig en hom 'n wrede dood laat sterf. Maar die Heilige Gees spot met hulle, 'Hy wat in die hemel woon, sal lag'.

In 'n Midrash op 1 Samuel 16:1 word Psalm 2:6 op die Messias toegepas. In hierdie Midrash word eers gesê: Van die drie mates van lyding gaan een na Koning Messias, van Wie in Jesaja 53:1-12 gesê word dat Hy gewond is vir ons oortredings. Vervolgens word in die Midrash vir Koning Messias

gevra waar Hy wil woon, waarop Hy antwoord: Is die vraag werklik nodig? Op Sion, my heilige berg (Psalm 2:6).

Psalm 2:7 word in die Talmud as Messiaans aangehaal.

Edersheim toon aan dat Psalm 45 deurgaans Messiaans verklaar word. Psalm 45:2 word byvoorbeeld deur die Targum as volg geparafraseer: 'U skoonheid, o Koning Messias, is groter as die van die seuns van die mense'.

Ook Psalm 72 is Messiaans verklaar. Dit kan gesien word in die Targum se parafrase van vers 1: Gee die uitspraak van vonnis aan Koning Messias en u geregtigheid aan die Seun van koning Dawid. Hierdie parafrase hoor ons terug in 'n Midrash, wat die teks uitdruklik op die Messias toepas, met verwysing na Jesaja 11:1.

Dit is diep beskamend. Ongelowige Jode weet dat Psalm 2 en ander psalms Messiaans is. Hulle verklaar dit ook so – sonder die lig van die Nuwe Testament. Daarenteen sien baie hedendaagse teoloë van die christendom geen Messiaanse profesieë in die Ou Testament nie (Spangenberg) en reken dat die Nuwe Testament 'n Messiaanse interpretasie daaraan geheg het (Bybel in Praktyk).

Sy werke op Internet

Verskillende van Edersheim se boeke is gratis op die Internet beskikbaar. Ek noem net die Bybelprogram e-Sword (<http://www.e-sword.net/>), waar u *The Temple: Its Ministry and Services at the Time of Jesus Christ*, *Jewish Social Life in the Days of Christ* en *The Life and Times of Jesus the Messiah* kan kry.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Die stem van Stellenbosch

Stellenbosch word deur vele as die bakermat van die Afrikaner beskou. Talle vooraanstaande Afrikaanse politici, filosowe, regs kundiges, opvoedkundiges en ekonome se

wortels lê in Stellenbosch. Daarby is een van die teologiese kweekskole van die NG Kerk by die Universiteit van Stellenbosch gesetel. So ook die NG Kerk se Buro vir verdere

Teologiese opleiding. 'n Mens behoort dit te wagte te kan wees dat daar van Stellenbosch 'n sterk stem uitgaan. Amper iets soos die 'stem van Potchefstroom' – bedoelende die

stem van die GKSA.

Gedurende Desember 2003 het daar egter 'n wanklank uit Stellenbosch opgeklink. Van die bekende Afrikaanse letterkundige en medewerker aan die nuwe Psalmomdigting, Lina Spies, het 'n onderhoud in *Insig* verskyn. Lina Spies is 'n inwoner van Stellenbosch. Sy verklaar dat sy dit nie langer kan regkry om saam met die res van die gemeente die eeue oue woorde van die Apostoliese Geloofsbelofte na te sê nie: 'Ek glo in Jesus Christus ... God se eniggebore Seun ... wat gebore is uit die maagd Maria ... wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode ... opgevaar het na die hemel ... van waar Hy sal kom om te oordeel ... '. Sy kan nie, want sy glo dit nie meer nie. (Vir 'n bespreking van die betrokke *Insig*-artikel, sien die Persskou in *Waarheid en Dwaling*, Februarie 2004).

In *Beeld* van 30 Junie 2004 verskyn 'n onderhoud wat Johannes de Villiers met 'n ander jarelange inwoner van Stellenbosch, dr Japie Coetzee, gevoer het. Dr Coetzee is oudrektor van die Paul Roos-gimnasium en voormalige dosent aan die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

De Villiers skryf:

Dr Coetzee het 28 opvoedkundige boeke agter sy naam en het 'n generasie skoolseuns in goeie sedelikheid help onderrig. Hy vra baie van die vroeë wat 'n deursnee-gelowige in sy hart ronddra. En hy gaan nog soms kerk toe, waar hy dié dele van die geloofsbelofte opsê waarmee hy nog saamstem (deesdae net die eerste twee of drie reëls).

En hy noem homself 'n Christen. Maar ná dese sal hy waarskynlik aan nóg die pous nóg die moderatuur van die NG Kerk se definisie van 'n Christen voldoen. Want Coetzee het besluit om sy vertwyfelings nie vir sy binnekamer te hou nie. Hy het 'n boek oor sy vertwyfelings oor die Bybel geskryf. En die vertwyfelings is baie.

"Na aanleiding van die skryf- en denkfoute wat sommige van die Bybelskrywers begaan het, besef ons vandag dat hul geïnspireerdheid nie

van 'n buitengewoon hoër kwaliteit was as die inspirasie waarmee skrywers vandag die pen opneem nie," skryf Coetzee in 'Ek en die Bybel: Op soek na die waarheid', wat na verwagting binnekort op die rakke van boekwinkels sal wees.

Dr Coetzee verduidelik wat tot die skryf van so 'n boek aanleiding gegee het.

"Ek het in die kerk gesit en luister," vertel hy in sy sitkamer waar hy ook een keer elke maand 'n gespreksgroep vir geestelike soekers aanbied. "En mettertyd het ek moeg geword om 40, 50 jaar lank dieselfde ou rympte te hoor dat Jesus vir my sondes kom sterf het. Ek het besluit om wyd te lees - ek het meer as 100 boeke deurgewerk, die Bybel meer ywerig as sommige teoloë bestudeer en afgekom op dinge wat my gepla het. Ek het toe die kweekskool (aan die US) genader om te hoor of ons oor dié probleme kan vergader. Op dié byeenkoms, waar teoloë, predikante en gewone lidmate was, het ek gesê dit is eerstens al die wreedaardighede in die Bybel wat my pla. Ná twee vergaderings kon hulle egter nog nie vir my 'n antwoord daarvoor gee nie. Hulle het uiteindelik gesê God het dit goed gevind omdat die mens so vol sonde is.

Coetzee het aanhou soek na gate in die Bybel. Mettertyd het dit vir hom al hoe meer na 'n Switserse kaas begin lyk. "As 'n mens een of twee wreedhede in die Bybel uitwys, is dit maklik vir ander om dit as uitsonderings af te maak. Maar as ek vir jou 50 sulke voorbeelde wys, dan kan jy dit nie meer wegpraat nie." In 'Ek en die Bybel' lys Coetzee sy vertwyfelings bladsy ná bladsy, die een ná die ander. God slaan Ananias en Saffira dood omdat hulle oor hul kollekte lieg, Jefta offer sy dogter aan God omdat hy 'n onverskillige gelofte afgelê het en God laat toe dat sy getroue Job gefolter word. God jaag slange tussen die Israëliete in om hulle uit te wis, beveel Josua om die hakskene van sy vyande se perde af te sny, beveel Israëliete om 'n els deur hul slawe se ore te steek, straf mense met die dood omdat hulle na die ark kyk, beveel dat Manasse se mense uitgemoor word om deur honde weggesleep te word, en laat

42 kinders deur bere verskeur omdat hulle met die profeet Elia gespot het. En God wis 70 000 Israëliete met 'n pes uit omdat hul koning hulle met 'n volkstelling wou tel, beveel die dood van homoseksuele mans, slaan Mirjam met melaatsheid, laat 'n man doodgooi omdat hy vuurmaakhout op die Sabbat opgetel het, laat mans doodmaak, kindertjies verpletter en swanger vroue met swaarde oopkloof, en vervloek die hele mensdom omdat 'n kaal man en vrou skelm in 'n tuin 'n vrug geëet het.

Dan is daar ook nog lyste van tekste wat mekaar weerspreek en gegewens wat uit 'n wetenskaplike oogpunt onwaarskynlik lyk. Maar wat veral opval, is al die wreedhede wat Coetzee vind waarvan mens nooit in die Kinderbybel gelees het nie. Soos God se bevel aan Esegjël om sy kos op menslike uitwerpsel te braai ...

... Coetzee noem homself steeds 'n Christen, want hy volg die leerstellings van Christus na ("Jesus se waarde is dat hy 'n voorbeeld was en 'n charismatiese prediker wat vir ons die weg na God kom wys het").

Hy wys egter graag uit dat Jesus ook 'n skadukant gehad het ("... en dan is hy nie eens jammer vir die boer wie se 3 000 varke hy in die see laat verdrink het nie").

Oor die inspirasie van die Bybel sê dr Coetzee:

... die inspirasie verskil nie wesenlik van ander skrywers nie. Die Bybel is 'n wonderlike boek, maar as álles wat daar staan woord vir woord waar is, is dit moeilik om dié interpretasies sonder meer te aanvaar.

'n Laaste gedagte van dr Coetzee se kant:

"Ek beskou myself as 'n gelowige mens. Maar die NG Kerk sal sê ek gaan hel toe," lag hy in sy tuin aan die einde van 'n gesprek.

En wat gaan Stellenbosch maak met dié onortodokse boek deur een van sy meer bekende inwoners?

"Ons almal weet van Japie," sê 'n ander jare lange Stellenbosser later die dag by die universiteit. "Hy was altyd baie gelowig, maar deesdae hou hy hom met vreemde vroeë besig."

Uittreksel uit *Ek en die Bybel: Op soek na die waarheid*

Diegene wat Jesus se opstanding as 'n werklike, fisieke, liggaamlike of biologiese opstanding sien, grond hul beskouing soos volg op die inhoud van sekere tekste: Dit staan uitdruklik in die Bybel geskryf. Die graf was leeg en die dissipels het hom persoonlik gesien, Thomas het selfs sy vinger in Jesus se wonde gedruk (Johannes 20).

Ondersteuning vir só 'n siening is gegrond op die geloof dat elke woord in die Bybel die onbetwiste waarheid is.

In alle billikheid moet voorstanders van só 'n siening net altyd konsekwent bly:

- dan het Simson wel 300 jakkalse eiehandig gevang;
- dan het Jona wel drie dae in 'n vis se ingewande gelewe sonder om deur die sterk maagsappe aangetas te word;
- dan het Noag wel 'n skip gebou en twee of sewe van elke diersoort in die ark ingebring;
- dan het God Esegïel wel beveel om sy kos op menslike uitwerpsel gaar te maak;
- dan het 'n slang en 'n donkie wel gepraat;
- dan is die mens wel tot die dood toe verdoem en vroue om met smarte te baar omdat 'n sluwe slang die vrou omgepraat het;
- dan is die aarde wel plat en het die son wel stilgestaan;
- dan behoort homoseksuele wel doodgemaak te word;
- dan behoort vroue geen kerklike ampte te beklee nie;
- dan het Samgar wel 600 mense met 'n sweepstok doodgeslaan;
- dan het 'n byl wel op die water gedryf; ensovoorts, ensovoorts!

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Dr Coetzee se opmerkings kan in enkele sinne saamgevat word:

- Skrifkritiek: skryf- en denkfoute wat sommige van die Bybelskrywers begaan het wys dat hul geïnspireerdheid nie van 'n buitengewoon hoër kwaliteit was as die inspirasie waarmee skrywers vandag die pen opneem nie.
- Verwerping van verlossing: ek het moeg geword om 40, 50 jaar lank dieselfde ou rympte te hoor dat Jesus vir my sondes kom sterf het.
- Pelagianisme, soos wat dit in die moderne Metodisme na vore kom: Jesus se waarde is dat Hy 'n voorbeeld was en 'n charismatiese prediker wat vir ons die weg na God kom wys het.
- Godslaster: Jesus het ook 'n skadukant gehad ... hy is nie eens jammer vir die boer wie se 3 000 varke hy in die see laat verdrink het nie.

Die vraag is: hoe kan 'n man wat al die jare in die gereformeerde goddiens getoë is, tot so 'n radikale standpunt kom? Watter invloed het die 'stem van Stellenbosch' op hom gehad?

Dr Coetzee maak self twee opmerkings in hierdie verband:

Ná twee vergaderings met die teologiese fakulteit kon hulle egter nog nie vir my 'n antwoord daarvoor (vir God se – volgens Coetzee – wrede optrede) gee nie. Hulle het uiteindelik gesê God het dit goed gevind omdat die mens so vol sonde is.

Maar wat veral opval, is al die wreedhede wat ek vind waarvan mens nooit in die Kinderbybel gelees het nie.

Die eerste opmerking vertel 'n verhaal van ontnugtering. Teoloë wat moes antwoorde gee, bly (klaarblyklik) stil. Die tweede opmerking wys terug na die ouerhuis en die kerk. Kinderbybel-teologie verblind die oë en stomp die denke af. Hoe is dit moontlik dat dr Coetzee nooit verder gekom het as die vriendelike God en die Liewe Jesus van die kinderbybel nie?

Intussen is die duiwelse slag geslaan. En menige *Beeld*-leser-brieffskrywer beaam wat dr Coetzee verklaar. Hy is 'n spreekbuis vir baie ander wat lankal nie meer glo in die inspirasie van die Skrifte en die verlossingswerk van Jesus Christus nie.

Die geskiedenis herhaal homself. Die profeet Hosea (4:6) het die Ou Testamentiese Israel gewaarsku: 'My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis'. Hosea het ook verklaar waarom die volk 'n gebrek aan kennis het: 'omdat jy – die priester – die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet'.

Die priesters van vandag (predikante, teologiese professore, ouderlinge) sal hierdie woord ter harte moet neem. Dr Coetzee, soos Lina Spies, sal vir hulle eie ongeloofsoptrede verantwoordings moet doen. Maar wees die leraars wat nie die Woord van God in sy volheid aan hulle bedien het nie. Die stem van Stellenbosch word op die weegskaal gelê. So ook die stem van Potchefstroom. En die stem van elkeen wat tot profeet in diens van God geroep is – profete in die besondere amp, sowel as in die amp van gelowige.